

## Jou opregte sang bewys jou dankbaarheid voor God

Wie is die koning oor jou lewe? Wees nou eerlik. Wie of wat beheers jou lewe? Jy kan sê wat jy wil; jou lewe gaan wys wie/wat oor jou lewe regeer. Jou opregte sang gaan jou dankbaarheid wys.

Die Psalmdigter wys in hierdie Psalm opdragte uit wat die ganse mensdom moet uitvoer: hulle moet sing, juig, uitbreek en Psalmsing. Hoekom moet hulle dit doen? Omdat die Here wonders gedoen het. Hierdie wonders is dat Hy sy verlossing aan sy volk Israel bekendgemaak het. Hy was getrou om sy volk te red. Die volk Israel moet die Here loof uit dankbaarheid vir hulle verlossing. In hierdie geval is dit om die Here met sang en musiek te loof.

Wat is hierdie verlossing? Vir ons vandag is dit die verlossing deur Jesus Christus van die mag van die dood. Deur hierdie verlossing breek Christus ons boeie met die dood, maak Hy ons kinders van God en help Hy ons deur die Heilige Gees om 'n dankbaarheidslewe te lei. God het die volk Israel verlos, sodat hulle ook aan die Here diensbaar kan wees deur hulle sang.

Hierdie opdrag wat God aan die hele mensdom gee, en in besonder aan jou, het te doen met sang tot eer van God. Jy kan alleen sing tot eer van God as Hy jou dankbaar gemaak het deur sy verlossing. Jou opregte sang gaan jou dankbaarheid wys. Ja, die mense rondom jou gaan nie weet of jy opreg is of nie, maar die Voorsanger, Jesus Christus, wel. Jou hele lewe gaan wys of jy opreg die Here met sang loof. Jy kan nie sing van God se beskerming oor jou lewe as jy bekommerd is of jy hierdie maand finansiële gaan oorleef nie. Jy kan nie sing dat God jou lewe moet lei as jy dit nie bedoel nie.

Deurdink dit wat jy sing. Moenie in die erediens saamsing as jy nie bedoel wat jy sing nie. Kyk weer na vers 1. Kan jy opreg tot die Here sing, omdat Hy jou verlos het? Is jy regtig bly dat jy gered is? Dan sal jou sang dit weerspieël. Sang is deel van ons dankbaarheidslewe.

As jy hierdie Psalm opreg sing, wys dit dat God jou Verlosser is. Mag jou sang wys dat God jou Verlosser is!

Sing: Psalm 98:1-4